OosieNUUS
ONS OOSIE WÊRELD

02/2025 17 Januarie 2025

## BOODSKAP VAN DIE BEHEERLIGGAAM

Geagte Ouers

Die aanloop tot die uiteindelike, finale goedkeuring en implimentering van die BELA-wetgewing het wyd reaksie ontlok, ook hier in Oosieland. In dié verband wil die Beheerliggaam die volgende aan u oordra:

- Ons is deeglik bewus van die inwerkingtreding van hierdie wetgewing op 24 Desember 2024 en die potensiële impak van veral sekere bepalings van sodanige wetgewing, veral met verwysing na die kwessies aangaande beleid ten aansien van onderrigtaal asook toelatingsbeleid.
- Die daadwerklike implementering van sodanige wetgewing is egter onderhewig aan regulering by wyse van norme en standaarde, wat allereers deur die Minister van Basiese Onderwys in plek gestel moet word, welke voorskriftelik sal wees met betrekking tot onder andere die bepaling van skole se kapasitiet en die bestaande taalbehoeftes van tersaaklike gemeenskappe wat deur die betrokke skole bedien word, welke proses waarskynlik eers teen ongeveer 2026 gefinaliseer behoort te wees.
- Bestaande, toepaslike regsbeginsels soos neergelê deur ons howe, en in besonder deur die Konstitusionele Hof, vind daarbenewens steeds toepassing en sal ongetwyfeld in die toekoms as beide voorskrif en waarborg dien dat beleid aangaande taal en toelating, soos deur ‘n skool se beheerliggaam vasgestel, nie op onregmatige en/of arbitrêre wyse deur ‘n departementshoof verbonde aan die Onderwysdepartement, omver gewerp word nie.

Ons wil u daarom verseker dat ons, in samewerking met onder andere liggame soos FEDSAS, waarvan Hoërskool Oos-Moot lid is, deurlopend en met die nodige passie daartoe sal toesien dat die beste belange van ons leerders, ouers en skoolgemeenskap nagestreef word, spesifiek ook met verwysing na enige brandpunte wat die BELA-wetgewing in die toekoms mag oplewer, en dat ons u deurgaans ingelig sal hou aangaande die verloop van gebeure soos wat dit mag ontvou.

U en u geliefdes word namens die Beheerliggaam ‘n baie geseënde en voorspoedige jaar toegewens en ons sien daarna uit om nog ‘n suksesvolle jaar saam met u by Hoërskool Oos-Moot te beleef.

Beste groete

Sas Erasmus
Voorsitter: Beheerliggaam

## BOODSKAP UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Geagte Ouers

Die eerste week van die 2025-skooljaar is verby, en ek wil dankie sê vir almal se ondersteuning en samewerking vanaf dag een.

Ons is opgewonde oor al die leer en groei wat in die komende maande sal plaasvind. Die leerders het vinnig ingeskakel en betrokke geraak by hul nuwe klasse, maats en aktiwiteite. Ons werk daaraan om 'n positiewe klaskamergemeenskap op te bou en fokus op die skepping van 'n veilige en verwelkomende omgewing vir almal.

Daar is groot opgewondenheid oor die praguitslae van ons 2024 matrikulante. Dit is die derde opeenvolgende jaar wat ons matrieks ‘n 100% slaagsyfer behaal het en iets waarop ons ongelooflik trots is! Van die 270 leerders wat geslaag het, het ’n ongelooflike 83.3% universiteitsvrystelling gekry, 188 onderskeidings is behaal en ons top presteerder is Madelize le Roux met 7 onderskeidings.

Ons is regtig dankbaar vir ons toegewyde personeel wat hierdie prestasie moontlik gemaak het en trots op ons leerders wat so hard gewerk het. Wat ’n fantastiese spanpoging!


Haarhoffstraat 1120, Villieria, Pretoria, 0186
012-332 0601 oosmoot@oos-moot.co.za
Ons omgee-uitleerskool
*Waar ons met passie potensiaal ontsluit*

Vir enige vrae of bekommernisse kontak my gerus. Almal se betrokkenheid en insette is van kardinale belang om 'n suksesvolle skooljaar te verseker, en ek sien met groot opgewondenheid uit na al die onvergeetlike oomblikke wat voorlê.

Oos-Moot groete

S Theron
Toesighoudende hoof

## BELANGRIKE DATUMS, KONTAKBESONDERHEDE EN GRAADVOOGDE/-HOOFDE

Die 2025 dagboekaktiwiteite is in die leerders se dagboeke beskikbaar sowel as op die skool se webwerf**.** Let wel: datums van aktiwiteite kan verander as gevolg van omstandighede.

**BELANGRIKE DATUMS**

- 20 Januarie : Gr.8 – Swemgala (14:30)
- 20 Januarie : Wiskundesentrum begin
- 22 Januarie : Akademiese uur begin
- 27 Januarie : Gr.8 Groentjiekonsert optrede (vir leerders)
- 28 Januarie : Gr.8 Groentjiekonsert optrede (vir ouers)
- 28 Januarie : Gr.8 Netbalproewe skuif na 29 Januarie
- 29 Januarie : Gr.8 Netbalproewe
- 29 Januarie : Akademiese Prysuitdeling
- 01 Februarie : Oosie Bond fees is GEKANSELLEER
- 19 Februarie : Toetsreeks begin vir gr.10 tot 12-leerders
- 24 Februarie : Toetsreeks begin vir gr.8 en 9

***BELANGRIK***

- ***Met verwysing na die POPIA Wet (Beskerming van persoonlike inligting) wil ons leerders, ouers en personeel daaraan herinner dat PERSOONLIKE KONTAKNOMMERS NIE UITGEGEE MAG WORD, tensy die persoon aan wie die nommer behoort PERSOONLIK TOESTEMMING daartoe verleen het.***
- Maak asseblief gebruik van die skool se telefoonnommer, e-posadres of personeel se skool e-posadresse soos beskikbaar op die skool se webwerf.

| **KONTAKBESONDERHEDE**<br>E-posadresse vir die res van die personeel is op die skool se webwerf. | **GRAADVOOGDE**<br>Afwesighede en die **uitteken van leerders** word deur graadvoogde hanteer. Hul stuur ook belangrike kommunikasie via Whatsapp na ouers.<br>Let asseblief op die verandering van die onderskeie graadvoogde se selfoonnommers: |
|---|---|
| **Hoof:** Me Susan Theron<br>(diehoof@oos-moot.co.za)<br>**Adjunkhoof:** Me Hanlie van Staden<br>(vanstadenh@oos-moot.co.za)<br>**Adjunkhoof:** Mnr Fraser Parker<br>(f.parker@oos-moot.co.za)<br>**Dissipline:** Me Mariane Haasbroek<br>(c.haasbroek@oos-moot.co.za)<br>**Maatskaplike werker:** Me Janine Olivier<br>(j.olivier@oos-moot.co.za)<br>**Finansies en Oosie-klerewinkel:** Me Annalize Jacobs<br>(finansies@oos-moot.co.za<br>**Bemarking:** Me Chriselda Meyer<br>(bemark@oos-moot.co.za)<br>**Kultuur:** Me Lee Bouwer<br>kultuur@oos-moot.co.za<br>**Sport:** Mnr Braam Pretorius<br>(sport@oos-moot.co.za)<br>**Klerebank**: Me Karin Badenhorst<br>(klerebank@oos-moot.co.za) | **Graad 8** - Me Janine Botha<br>(j.botha@oos-moot.co.za) of 079 207 4415<br>**Graad 9** - Me N Pfeil<br>(n.pfeil@oos-moot.co.za) of 066 416 6252<br><br>**Graad 10**: Me T Ferreira (**Kw.1**)<br>(t.ferreira@oos-moot.co.za) of 064 884 6059<br><br>**Graad 10**: Me Z de Klerk (**Kw. 2,3,4**)<br>(z.deklerk@oos-moot.co.za) of 064 884 6059<br><br>**Graad 11:** Me M Gillies<br>(m.gillies@oos-moot.co.za) of 079 207 0022<br><br>Graad 12: Me S van der Merwe / Me M Grové<br>(m.grove@oos-moot.co.za) of 079 208 4632 |

Raadpleeg asseblief altyd eers die skool se nuusbrief en webwerf indien u na belangrike inligting op soek is.

## LIEF EN LEED

Ons wil graag 'n paar spesiale gebeurtenisse met ons Oosie-familie deel. Me Z de Klerk het in die nuwe jaar 'n pragtige babadogtertjie ryker geword. Me R Jonkers het in Desember verloof geraak – ons wens haar alle voorspoed toe vir hierdie opwindende nuwe hoofstuk. Ongelukkig moes ons ook afskeid neem van een van ons geliefde oud-Oosie personeellede, juffrou Bets Kleynhans, wat in Desember oorlede is.

## MATRIEKUITSLAE 2024

Die 2024 toppresteerder is Madelize le Roux met 7 onderskeidings en 'n gemiddeld van 85.7%. Sy het onderskeidings in die volgende vakke behaal: Afrikaans HL, Engels FAL, Wiskunde, LO, Besigheidstudies, Lewenswetenskappe en Fisiese Wetenskappe. Ons is trots op al ons 2024 matrikulante se pragprestasies en wens hul net die beste toe. Die volledige uitslae is beskikbaar op die skool se webwerf.

## SKOOLFONDS 2025

By die Algemene Jaarlikse Ouervergadering in November 2024 is die skoolfonds vir 2025 vasgestel.

### Vrystellings

Aansoeke moet verkieslik voor of op 28 Februarie van elke jaar ingehandig word om in aanmerking te kom vir die vrystelling/gedeeltelike vrystelling. 'n Voorlopige verslag moet teen 31 Maart aan die Departement van Onderwys voorgelê word.

**Oorspronklike dokumentasie moet ook voor hierdie datum by die skool se finansieskantoor ingehandig word**. Besoek die skool se webwerf vir die aansoekvorms en ander dokumentasie wat afgelaai en voltooi moet word word. Die vorm is ook in harde kopie by die skool beskikbaar.

Navrae kan gerig word aan finansies@oos-moot.co.za.

### Nuwe bankbesonderhede

Die skool se bankrekening is in November 2024 oorgedra na First National Bank. **ALLE betalings moet NOU in die FNB rekening gemaak word.**

| | | |
|---|---|---|
| Rekeningnaam | : | Hoërskool Oos-Moot |
| Bank | : | First National Bank (FNB) |
| Rekeningnommer | : | 63124628041 |
| Takkode | : | 210835 |

Enige navrae kan gerig word aan ons finansiële kantoor (finansies@oos-moot.co.za).

## SKOOLDAGBOEKE VIR LEERDERS

Elke leerder het 'n GRATIS leerderdagboek ontvang. Ons versoek dat die dagboeke asseblief elke dag by die skool sal wees. Leerders moet die **klas verlaatvorm (in die dagboek**) voltooi wanneer hulle 'n klas verlaat. Belangrike inligting ten opsigte van die ontruimingsplan in geval van nood, skoolreëls, gedragskode en skooldrag is ook in die dagboek uiteengesit. **Belangrik**: In die geval waar 'n dagboek vervang moet word sal dit teen 'n koste van R110 by die finansieskantoor gedoen kan word. Daar is egter net 'n beperkte voorraad dagboeke en vra ons dat leerders hul dagboeke sal oppas.

## AKADEMIE

### Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid

Die volgende twee skrywes is in die afgelope week aan leerders uitgegee, per e-pos aan ouers gestuur en op die skool se webwerf beskikbaar.

- Brief – Wiskundige Geletterdheid: Aankoop van werkboeke (Graad 10 - 2025)
- Brief – Wiskunde 2025: Graad 10 tot 12 Omgekeerde klaskamer

### Akademiese uur

Die akademiese uur begin op 22 Januarie. Dit is GRATIS en is elke Woensdag vanaf 14:00 tot 15:00. Onderwysers is beskikbaar in hulle klasse om hulp te verleen.

| Graad | Onderwyseres | Lokaal |
|---|---|---|
| 8 | Me Nicole Louw (Smith)<br>Me Alitzia du Plessis | G1<br>T11 |
| 9 | Me Mariana Pretorius<br>Me Lecrisha Eksteen | K72<br>T9 |
| 10 | Mnr Drico Snyman | K14 |

| | | |
|---|---|---|
| 11 | Me Chené Botha<br>Me Juané Geldenhuys | K47<br>T2 |
| 12 | Me Stefanie vd Wetering<br>Me Christel Venter | K15<br>K16 |

### Google Classroom

By Oos-Moot maak ons in die meeste vakke gebruik van die aanlyn platvorm GOOGLE CLASSROOM om leerders te help om akademies beter voor te berei.

ELKE leerder word deur die verskillende vakke se onderwysers uitgenooi (invite) om die aanlynklas te aanvaar (join). Sommige klasse is per wisselklas, en sommige klasse is per graad - dit hang af van die onderwyser, maar dit sal aan die leerders in die klasse gekommunikeer word.

Elke leerder ontvang 'n skool-e-posadres. Dit word as volg saamgestel: toelatingsnommer@oos-moot.co.za en die wagwoord (password) is OMleerder Die toelatingsnommer is 'n 6-syfer getal en is beskikbaar op D6.

Die leerders MAG GLAD NIE hul EIE e-posadres gebruik nie, ook nie u e-posadres nie. Die onderwysers (invite) die leerders met SLEGS die skool se e-posadresse. Leerders moet asseblief nie hul passwords verander nie.

Besoek die webwerf vir die STAP-VIR-STAP video's.

### Wiskundesentrum

Die Wiskundesentrumklasse begin op Maandag, 20 Januarie. Dit is GRATIS en die klasse help leerders met werk van die vorige week en enige probleme wat hul met Wiskunde het. Navrae kan gerig word aan me C Venter (c.venter@oos-moot.co.za).

| Graad | Onderwyseres | Lokaal |
|---|---|---|
| 8 | Me Nicole Louw (Smith)<br>Me Chardoné Labuschagne | G1<br>K73 |
| 9 | Me Mariana Pretorius<br>Me Lecrisha Eksteen | K72<br>T9 |
| 10 | Mnr Drico Snyman | K14 |
| 11 | Me Chené Botha<br>Me Juané Geldenhuys | K47<br>T2 |
| 12 | Me Stefanie vd Wetering<br>Me Christel Venter | K15<br>K16 |

### Wolkskool

Wat is Die Wolkskool?

- 'n Platform met video-lesse, werkkaarte en assesserings − alles ontwikkel deur professionele onderwysers.
- Jy kan lesse oor en oor kyk, op jou eie tyd en pas, van enige plek af.
- Elke leerder kry 2GB data per maand wat net vir Die Wolkskool gebruik kan word.
- Ouers kry weekliks 'n verslag oor hul kind se vordering per e-pos.

Hoe werk dit?

Die skool registreer jou op Die Wolkskool.

Hoekom is dit 'n wenner?

Onderwysers gebruik dit om te sien waar die kind dalk sukkel en help hul betyds om op dreef te kom.

Waar kan ek meer inligting kry oor Wolkskool?

Besoek die skool se webwerf.

## BELANGRIKE DOKUMENTASIE VIR OUERS

Die volgende dokumentasie word in die eerste week van Januarie 2025, in harde kopie, aan die leerders uitgegee en moet **voor of op 31 Januarie 2025** na die klasvoog teruggestuur word.

- Algemene voorwaardes en toelatingsbeleid
- Skoolfonds betalingsooreenkoms
- Gedragskode

## SLUITKASTE ("LOCKERS") 2025

Sluitkasbesprekings en -betalings vir 2025 open in Januarie 2025 en die senior leerders kry die eerste geleentheid om hul sluitkaste te bespreek.

**Die volgende sluitkaste is beskikbaar:**

| | | |
|---|---|---|
| Gewone sluitkaste | : | R180 per sluitkas (vir handboeke, skrifte, ens.) |
| Sportsluitkaste | : | R220 per sluitkas (vir sporttoerusting, ens.) |
| IGO-sluitkaste | : | R220 per sluitkas (vir IGO-leerders graad 10 tot 12) |

**Bespreking**

- ŉ **EFT-betaling** word gedoen met die volgende verwysing: Leerder se naam en van, graad. Leerders wat met ŉ **kaart wil betaal,** moet dit by die **finansieskantoor** doen.
- Leerder bespreek volgens graad, op die datum hieronder genoem, die spesifieke sluitkas by die personeellid aangedui.
- Bespreking word gedoen met die bewys van betaling.
- Die datums vir die besprekings is soos volg en sal gedurende skoolure geskied.

**IGO-sluitkaste (graad 10 tot 12)**

| Graad | Datum | Personeellid en klaskamernommer |
|---|---|---|
| 10 | 20 Januarie | Mnr R Groenveld (K95) |

**Gewone- en sportsluitkaste**

| Graad | Datum | Personeellid en klaskamernommer |
|---|---|---|
| 11 | 20 / 21 Januarie | Me Edwards (K75) |
| 10 | 22 / 23 Januarie | Me Edwards (K75) |
| 9 | 24 / 27 Januarie | Me W Kalp (K17) |
| 8 | 28 / 29 Januarie | Me W Kalp (K17) |

## SKOOLBUSVERVOER

In Desember 2024 is ŉ behoeftebepaling gedoen ten opsigte van skoolbusvervoer vir leerders vanuit Tuine/Mayville asook die Poort/Kameeldrift omgewing. Ons verwys ook graag na die skrywe gedateer 5 Desember 2024 wat uitgestuur is na belangstellende ouers. ŉ Skrywe met meer inligting sal in die komende week uitgestuur word.

## MATRIEKAFSKEID 2025

Ons verwys na die matriekafskeid inligtingskrywe wat op gedateer Oktober 2024. Die skrywe is beskikbaar op die skool se webwerf.

| | | |
|---|---|---|
| Datum | : | 10 Oktober 2025 |
| Plek | : | Colosseum Reale Venue |
| Tyd | : | 18:00 – 23:00 (aankoms vanaf 16:00) |

Om dit vir ouers finansieel makliker te maak is daar besluit om ouers **reeds** in (2024) die geleentheid te bied om vir die matriekafskeid te begin betaal.

**Kostes en betalingsopsies**

- R850 per persoon (Oosie-matrikulant).
- R900 per persoon (metgesel - buitepersoon).
- Eenmalig betaal, of maandelikse afbetaling voor 15 Augustus 2025.

## SPORT

In die nuusbrief sal slegs veranderinge en belangrike inligting ten opsigte van ŉ sportsoort uitgelig word.

### Atletiek

Programme en uitslae word op die skool se webwerf geplaas sodra beskikbaar.
Die datums vir die komende byeenkomste is soos volg:

| Datum | Byeenkoms |
|---|---|
| 24 Januarie | Zwartkop (weg) |
| 5 Februarie | TOP 15 Noordheuwel (weg) |
| 7 Februarie | Mootbyeenkoms |
| 12 Februarie | Goue Liga (weg – UJ) |
| 14 Februarie | Valentynsbyeenkoms |
| 20 Februarie | INTERHOËR (weg – Pilditch) |
| 26 Februarie | NWU Interhoër (weg) |

## Krieket

Die krieketseisoen het vroeg in 2025 afgeskop met 'n toernooi vir die eerste span. Die eerste kwartaalbepalings vir die onderskeie krieketspanne is op die webwerf beskikbaar.

## Netbal

Graad 8 netbalproewe

Die datum waarop die graad 8-netbalproewe (kies van voorlopige spanne) sou plaasvind (28 Januarie) verander as gevolg van die Groentjiekonsert. Alle leerders moet op die netbal Whatsapp groep wees. Spelers wat nie op die groep is nie moet asseblief by mej C Louw in die sportkantoor gaan aanmeld.

Nuwe datum : 29 Januarie
Tyd : Direk na skool
Plek : Netbalbane

Netbaltoetsing

Netbaltoetsing vind op die volgende datums saam met die kondisioneerder plaas. Alle spelers moet asseblief by die toetsing wees (slegs 'n doktersbrief dien as verskoning).

| Datum | Span | Tyd |
|---|---|---|
| 22 Januarie | o.17 / 1stes / 2des | 15:10 |
| 23 Januarie | o.15 / o.16 | 15:10 |
| 30 Januarie | o.14 | 14:30 |

## Swem

Graad 8 - Swemgala

Datum : 20 Januarie 2025
Tyd : 15:00 tot 16:00
Plek : Laerskool Pierneef (busvervoer is gereël)

Oefentye (begin op 21 Januarie)

Dae : Maandae, Dinsdae en Woensdae
Tyd : 15:30 tot 16:30
Plek : Laerskool Pierneef

Galadatums

23 Januarie : Cornwall
30 Januarie : Hazeldean
6 Februarie Woodhill

Navrae kan gerig word aan me L Matthee (swem@oos-moot.co.za)

## Tafeltennis

Oefening

Alle belangstellende leerders is welkom. Die skool verskaf toerusting. Leerders wat hul eie *bat* het kan dit saambring.

Datum : 28 Januarie (begin amptelik)
Dae : Dinsdae en Donderdae
Tye : 14:00 tot 15:00

Navrae kan gerig word aan mej J Geldenhuys (tafeltennis@oos-moot.co.za)

## Tennis

Oefening

Alle belangstellende leerders is welkom.

Datum : 20 Januarie (begin amptelik)
Dae : Maandae
Tye : 14:15 tot 16:00
Plek : H/S CR Swart
Vervoer : Skoolbussie van en na die bane

Navrae kan gerig word aan mnr W Smit (tennis@oos-moot.co.za)

## KULTUUR

**Kontakbesonderhede**

Die e-posadres vir ons Visehoof: Kultuur is kultuur@oos-moot.co.za. Kultuur skop die jaar af met verskeie oudisies:

| Datum | Aktiwiteit |
|---|---|
| 21 Januarie | Revue (Gr.8 en nuwe leerders) |
| 23 Januarie | All Stars (Gr.8 en nuwe leerders) |
| 3 Februarie | Tienertoneel |
| 4 Februarie | Rasieleiers (Gr.8 en nuwe leerders) |

## BUITEPRESTASIES

Ons moedig ons ouers aan om die buiteprestasies van ons leerders met ons te deel. Volg die onderstaande skakels (kliek op die prentjie) en voltooi die vorms volledig vir u kind om in aanmerking te kom vir erkenning tydens die jaarlikse Sport- en Kultuurprysuitdelings.

Let wel: Buiteprestasies word nie in ons sosiale media geplaas nie.

***Kliek asseblief die onderstaande skakels en voltooi die Google vorms volledig.***







## ADVERTEER IN DIE NUUSBRIEF



Oosie NUUS
ONS OOSIE WÊRELD
Ons omgee skool waar ons met passie potensiaal ontsluit

### ADVERTEER IN ONS NUUSBRIEF 2024

*Die nuusbrief word weekliks versprei via die skool se d6 Connect toep en per e-pos na ons ouers (2000+), personeel en leerders gestuur. Die brief word ook op die skool se webwerf (www.oos-moot.co.za) geplaas waar dit die hele jaar beskikbaar is.*

**Kostes vir 'n A6 advertensie**

| | |
|---|---|
| 1 plasing per maand | R350 |
| 2 plasings per maand | R500 |
| 3 plasings per maand | R700 |
| 4 plasings per maand | R900 |
| Plasing vir die hele jaar | Maandelikse bedrag x 11 (% afslag) |

**A4 advertensie ook beskikbaar op versoek.*

**Formaat**

- *Advertensies met 'n voor- en agterblad word as twee advertensies beskou.*
- *Advertensies moet in 'n elektroniese formaat gestuur word (JPEG of PNG).*
- *Geen PDF of geskandeerde advertensies word geplaas nie.*
- *'n Advertensie sal slegs geplaas word na goedkeuring en betaling.*
- *Let wel: "Landscape" formaat advertensies moet gedraai word om in die "portrait" spasie te pas.*

**Stel jy belang?**

*Kontak Mariëtte Senekal by webblad@oos-moot.co.za*


Waverley
Wiskunde & Wetenskap
Sentrum
Vakke wat by die Wiskundesentrum aangebied word.
Wiskunde graad 1 tot 12, asook Wiskundige Geletterdheid en Tegniese Wiskunde.
Rekeningkunde graad 8 tot 12.
Afrikaans graad 1 tot 12. Engels graad 1 tot 12.
Wetenskap graad 10 tot 12 sowel as Tegniese Wetenskap
Career Direct: Aanlegtoetse, vakkeuse, beroepskeuse en beroepsleiding
Aanvullende onderrig + Beroeps
- & Vakkeuse toetsing
Marina Stander - 083 259 8913


Sokkie
TEMA
KARNAVAL
17
JANUARIE
2025
TYD
VRYDAG
18:00-22:00
R50
TOEGANG
Ten bate van Oosie Sport